# Les 4 VERLOSTE KINDERS: DIE HERE IS SAAM MET ONS MENS VANDAG

OPSOMMING
Pa’s en ma’s is binne-in hulle binneste nog steeds die seuntjies en dogtertjies wat hulle lank, lank gelede was. Die Here is ook vandag binne-in Sy binneste die mens wat Hy lank, lank gelede op aarde was.

Kernvers: Hebreërs 2 “[14]*Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword* .”

**1. Pa’s en ma’s is grootmense**

Vandag gaan ons eers met ’n voorbeeld begin en dan gaan ons na die Bybel kyk! Hoe voel pa’s en ma’s vir julle? Voel hulle soos grootmense of voel hulle soos kinders?

Pa’s en ma’s voel soos grootmense! As jy voor hulle gaan staan is hulle baie groter as jy. Hulle bene en arms is baie groter en langer as joune. Hulle hande en voete en baie groter as joune. Hulle stemme is harder as joune. Alles van pa’s en ma’s is groter as kinders s’n.

Hulle kan ook baie goed doen wat net grootmense kan doen.

Hulle kan werk en geld verdien. Kinders kan nie werk en geld verdien nie. Ouers kan sorg. Hulle sorg vir ’n huis om in te bly, vir kos om te eet, vir water om te drink en vir ’n kar om in te ry. Hulle maak dat kinders alles kan doen wat kinders moet doen. Hulle maak dat kinders kan skool toe gaan en leer. Hulle maak dat kinders kan speel en lag.

Kinders kan dit nie doen nie.

Daarom voel ouers altyd vir kinders soos grootmense, en kinders soos klein mensies. As jy so voor hulle staan en na hulle opkyk, dan weet jy, hulle is grootmense en kinders is klein mensies.

**2. Pa’s en ma’s is ook kinders**

Dit is wat julle met julle oë sien. Maar daar is iets wat julle nie met julle oë kan sien nie. Wat julle nie met julle oë kan sien nie, is dat pa’s en ma’s binne-in hulle binneste ook kinders is. Dit is die groot geheim wat kinders moet ontdek om te verstaan hoekom pa’s pa’s kan wees en hoekom ma’s ma’s kan wees. Pa’s en ma’s is binne-in hulle binneste ook kinders, net soos hulle klein kindertjies wat saam met hulle leef.

Dink julle dit is iets wat julle sal kan raaksien en glo? Pa’s en ma’s is binne-in hulle ook kinders soos julle!

Dit is maklik om te ontdek. Gaan maar huis toe en vra vir hulle waar is die foto’s van toe hulle nog kinders was. Die meeste van julle het seker al sulke foto’s gesien. As julle na daardie foto’s kyk, dan sien julle maar my pa en ma was ook net so ’n klein seuntjie of

dogtertjie gewees, net soos wat ek is! En as hulle op die foto langs grootmense staan, dan sien ’n mens dit nog duideliker. Hulle was regtig ook klein kindertjies gewees.

Nou vir die groot geheim! Wat het van daardie klein seuntjie en dogtertjie geword wat nou jou pa en ma is? Hulle het grootgeword, maar daardie klein seuntjie en dogtertjie wat hulle was, het nie weggeraak, verdwyn of opgehou om te bestaan nie. Binne-in jou pa en ma leef daardie klein seuntjie en dogtertjie nog al die tyd. Binne-in hulleself is hulle nog steeds daardie klein seuntjie en dogtertjie, al is hulle nou grootmense.

Daarom is pa’s en ma’s ook nog kinders. Maar op ’n baie ander manier as kleintjies. Hulle is groot en doen en voel alles wat grootmense moet doen, maar binne-in hulle binneste is hulle nog steeds daardie seuntjie of dogtertjie wat hulle lank, lank gelede was.

As jy dit nie glo nie, gaan vra vir Pa en Ma hulle moet bietjie vir julle vertel van toe hulle klein was. Dan gaan julle dit sien. Hulle praat nie van iets wat weg en verby is nie. Hulle praat van die klein seuntjie en dogtertjie wat hulle nog al die tyd binne-in hulle binneste is. Hulle praat nie van ’n kleintjie wat weg is nie.

**3. Pa’s en ma’s moet saam met kinders kinders wees**

Dis hoe die Here pa’s en ma’s maak. Hulle moet eers self kleintjies wees. Want wanneer hulle dan groot is, en hulle klein kindertjies staan voor hulle, dan weet hulle presies hoe dit voel om klein te wees. Want binne-in hulleself is hulle nog al die tyd daardie kleintjie wat hulle lank, lank gelede was.

Daarom kan pa’s en ma’s goeie pa’s en ma’s wees, want hulle is nie net grootmense vir hulle kinders nie. Binne-in hulleself, is hulle saam met hulle kinders kinders. Daarom weet hulle hoe swak is kleintjies en hoe moeilik is dinge vir kleintjies. Daarom weet hulle ook hoe om kleintjies altyd te help en te troos. Want binne-in hulle voel hulle alles wat kleintjies voel.

Dit is ’n groot ontdekking wat jy oor jou ouers moet maak. Hulle is binne-in hulle binneste nog steeds daardie klein dogtertjie en seuntjie wat hulle lank gelede was. Daarom weet hulle hoe moeilik voel dinge vir kleintjies. Hulle kan alles wat kinders is en kinders voel, binne-in hulleself voel. Daar waar hulle ook nog klein is.

**4. Die Here is binne-in Sy binneste ook mens soos ons**

Dit was ons voorbeeld. Kom ons kyk hoe hierdie voorbeeld ons help om iets van die Here te leer ken. Kom ons lees ’n gedeelte uit Hebreërs 2: “[14]*Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword… [16]Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. [17]Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy ’n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. [18]Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.”*

Kyk weer na hierdie woorde: “[14]*Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword* ”. “Hierdie kinders” is ons. Ons is kinders van die Here. Ons is kinders van vleis en bloed. Ons is mense. Ons is nie God nie. Ons is mense wat klein en swak is. God is God wat Almagtig en Ewig is.

Kyk wat staan hier nog verder: Hy wat die Almagtige en Ewige God is, het net soos ons ’n klein, swak mens van vleis en bloed geword.

Dit is mos wat ons elke jaar met Kersfees hoor en sien. Die Here is gebore as ’n babatjie in Betlehem. En dit is die wonderlike nuus van Kersfees. God wat Almagtig is, het saam met ons mens geword.

En? Wat van vandag? Was die Here net lank, lank gelede ’n mens saam met ons en vandag is Hy weer net die Almagtige groot God?

Kom ons kyk weer na ons voorbeeld! Was jou pa en ma net lank, lank gelede ’n klein seuntjie en dogtertjie, en vandag is hulle net grootmense? Nee, al is hulle vandag grootmense, binne-in hulle binneste is hulle nog steeds daardie seuntjie en dogtertjie. Dit gaan nooit weg nie. Hulle bly dit altyd binne-in hulle binneste.

En die Here? Was Hy net lank, lank gelede ’n mens saam met ons en vandag is Hy net weer die Almagtige groot God? Nee! Dit is die ontdekking wat ons moet maak: die Here is vandag binne-in Sy binneste nog steeds die mens saam met ons wat Hy lank, lank gelede op aarde was.

**5. Ons is die Here se verloste kinders**

Dit is hoe ons die Here se verloste kinders is. Die Here is vandag binne-in Sy binneste ook ’n mens net soos ons. Daarom is God nie net groot en Almagtig nie. Hy is die groot en Almagtige God, maar binne-in Homself is Hy ook saam met ons die klein en swak mense wat ons is. God is saam met ons mens terwyl Hy die groot en Almagtige God is. Ons staan nooit voor ’n Almagtige groot God terwyl ons alleen klein en swak is nie. Verlossing beteken die Here is binne-in Sy binneste sáám met ons die klein en swak mense wat ons is.

Die Here het ons verlos daarvan om alleen klein en swak te wees. Hy is saam met ons binne-in Homself ook ’n mens, net soos ons. Daarom kan Hy vir ons God wees. Daarna gaan ons volgende week kyk.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

____________________________________

Handtekening: ouer of voog